

Vrydag 6 Januarie

Skrifgedeelte: Filippense 2:12-18

Fokusgedeelte: Filippense 2:12, 13

Roeping (3)

Filippense 2:12, 13 is 'n oproep om dit wat ons deur ons uiterlike en innerlike roeping ontvang het, die evangelie wat deur die Gees van God ons wederbaar het sodat ons nou glo en bekeer, in ons hele lewe uit te werk. In die woorde van die Heidelbergse Kategismus “hoe langer hoe meer” (v/a 70, 76, 81, 89, 115, 123), in die krag van die Gees wat Hy beloof het, dat Hy wat roep is getrou en sal sy heilsorde, wat Hy begin het in elkeen van sy kinders, voltooi tot en met die laaste dag (Fil. 1:6; Rom. 8:29, 30).

Deel van Christus se weldade wat ons verkry het deur die inwendige roeping is nie net die regverdiging nie, maar ook die heiligmaking (1 Kor. 1:30, 31), die dienskneggestalte van Jesus wat ons moet navolg (Fil. 2:1-11). In wese word ons nou geroep, of verder lewenslank geroep, om teenoor God en ons naaste al meer te “word” wat ons “is” (1 Pet. 1:15, 16). Dus, “werk julle eie heil uit met vrees en bewing” (vs 12), sodat ons saam met Paulus mag uitroep: “Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins” (Fil. 1:21).

Die rede waarom ons diensknegte en diensmaagde is en kan wees, “onberispelik en opreg kan wees, kinders van God sonder gebrek te midde van 'n krom en verdraaide verslag” (vs 15), is juis omdat ons in Christus alles genadiglik ontvang het (Fil. 1:29, 30; Rom. 8:32) om “ligte in die wêreld” te wees, om ons innerlike roeping te bevestig met ons uiterlike roeping in en te midde van hierdie wêreld. En daardie lig is Christus, sy Woord, die verkondiging van die lig-evangelie en 'n lewenswyse wat daaruit vloei en getuig: God red, daar is hoop te midde van 'n verlore, krom wêreld.

En die doel van alles is die inwendige en uitwendige roeping: “... sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader” (2:10–11).

Sing: Psalm 96-1:7, 8

Ds. S Le Cornu (Slabbert) (Carletonville)